# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY UITGAWE OP GESAG

R1.20 Monday 24 April 1989 WINDHOEK Maandag 24 April 1989 No. 5703

CONTENTS:

*Page*

**GENERAL NOTICE**

No. 58 Draft Registration of Voters (Constituent Assembly) Proclamation 1

INHOUD:

*Bladsy*

**ALGEMENE KENNISGEWING**

No. 58 Konsepproklamasie op die Registrasie van Kiesers (Grondwetgewende Vergadering) 1

## General Notice

DRAFT REGISTRATION OF VOTERS (CONSTITUENT ASSEMBLY) PROCLAMATION

No. 58 1989

The following Draft Registration of Voters (Constituent Assembly) Proclamation is hereby published for general information and comment. Any comment or representations thereanent should be lodged in writing and in duplicate, with the Secretary: Department of Civic Affairs and Manpower, Private Bag 13200, Windhoek, 9000 or at Room 3, Ground Floor, Cohen Bulding, cor. Kaiser and Casino Streets, Windhoek, within 21 days from the date of publication of this notice.

DRAFT PROCLAMATION

PROVISION FOR THE REGISTRATION OF VOTERS FOR THE PURPOSE OF AN ELECTION FOR A CONSTITUENT ASSEMBLY FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

## Algemene Kennisgewing

KONSEPPROKLAMASIE OP DIE REGISTRASIE VAN KIESERS (GRONDWETGEWENDE VERGADERING)

No. 58 1989

Die volgende Konsepproklamasie op die Registrasie van Kiesers (Grondwetgewende Vergadering) word hierby vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer. Enige kommentaar of vertoë daaromtrent moet binne 21 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik en in duplikaat by die Sekretaris: Departement van Burgersake en Mannekrag, Privaatsak 13200, Windhoek, 9000, of Kamer 3, Grondvloer, Cohengebou, h/v Kaiser- en Casinostraat, Windhoek, ingedien word.

KONSEPPROKLAMASIE

VOORSIENING VIR DIE REGISTRASIE VAN KIESERS VIR DIE DOELEINDES VAN 'N VERKIESING VIR 'N GRONDWETGEWENDE VERGADERING VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*Definitions*

1. (1) In this Proclamation, unless the context indicates otherwise -

(i) "applicant" means a person who in terms of section 9(1) applies or applied for registration, as the context may require; (ii)

(ii) "application" in relation to an applicant or a registered voter means the application form submitted and completed by him in accordance with section 9(1); (i)

(iii) "application form" means a form AGV.1 as set out in the Annexure; (iii)

(iv) "chief registration officer" means the chief registration officer appointed in terms of section 4(1); (ix)

(v) "controller" means a controller of registration appointed in terms of section 5(1); (xii)

(vi) "district" includes a part of a district and in relation to a supervisor, registration officer or district officer for a particular district and the magistrate of that district includes a part of another district if such supervisor, registration officer or district officer has been appointed also for such part; (v)

(vii) "district officer" a district officer appointed in terms of section 5(3); (vi)

(viii) "identity document" means an identity document issued in terms of section 3 of the Identification of Persons Act, 1979 (Act 2 of 1979), and including any passport, reference book, certificate of citizenship or official document of identity issued by the government of the Republic of South Africa or a temporary permit issued under section 38 of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972); (x)

(ix) "magistrate" includes an additional magistrate; (xiii)

(x) "number", in relation to a registration card, means the distinctive serial number appearing in accordance with the provisions of subsection (3) of this section on

*Woordomskrywings*

1. (1) In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk beteken -

(i) "aansoek" met betrekking tot 'n aansoeker of 'n geregistreerde kieser die aansoekvorm wat volgens voorskrif van artikel 9(1) deur hom voorgelê en voltooi is; (ii)

(ii) "aansoeker" iemand wat ingevolge artikel 9(1) aansoek doen of aansoek gedoen het; na gelang die samehang vereis; (i)

(iii) "aansoekvorm" 'n vorm AGV. 1 soos in die Aanhangsel vervat; (iii)

(iv) "bevoeg" met betrekking tot die registrasie van iemand bevoeg ingevolge artikel 3 om as 'n kieser geregistreer te word; (ix)

(v) "distrik" ook 'n gedeelte van 'n distrik en met betrekking tot 'n opsiener registrasiebeampte of distriksbeampte vir 'n bepaalde distrik en die landdros van daardie distrik ook 'n gedeelte van 'n ander distrik indien bedoelde opsiener, registrasiebeampte of distriksbeampte ook vir daardie gedeelte aangestel is; (vi)

(vi) "distriksbeampte" 'n distriksbeampte ingevolge artikel 5(3) aangestel; (vii)

(vii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (xix)

(viii) "geregistreerde kieser" iemand wat ingevolge artikel 14 as 'n kieser geregistreer is; (xiii)

(ix) "hoofregistrasiebeampte" die hoofregistrasiebeampte ingevolge artikel 4(1) aangestel; (iv)

(x) "identiteitsdokument" 'n identiteitsdokument ingevolge artikel 3 van die Wet op die Identifikasie van Persone, 1979 (Wet 2 van 1979), uitgereik en ook 'n paspoort, bewysboek, sertifikaat vir burgerskap of amptelike identiteitsdokument wat uitgereik is deur die regering van die Republiek van Suid-Afrika of 'n tydelike permit kragtens artikel 38 van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), uitgereik; (viii)

the registration form used for such registration card; (xiv)

(xi) "qualified", in relation to the registration of any person, means qualified in terms of section 3 to be registered as a voter; (iv)

(xii) "register" means to register as a voter in terms of section 14, and "registered" and "registration" have corresponding meanings; (xx)

(xiii) "registered voter" means a person registered as a voter in terms of section 14; (viii)

(xiv) "register of voters" means the duplicates of registration cards kept by the chief registration officer in terms of section 15(2); (xvi)

(xv) "registration card" means the original registration form completed in respect of and issued to a registered voter in terms of section 14 or in terms of that section as applied by paragraph (a) of subsection (5) of section 24 or by that paragraph read with section 22(6)(b)(ii); (xviii)

(xvi) "registration form" means a form AGV. 2 as set out in the Annexure and complying with the provisions of subsection (3) of this section; (xix)

(xvii) "registration officer" means a person who is a registration officer by virtue of his office in terms of subsection (2) of section 6 or who holds an appointment as a registration officer under subsection (4) of that section; (xvii)

(xviii) "supervisor", in relation to a district, means the person who is the supervisor of registration for such district in terms of section 5(2); (xv)

(xix) "territory" means the territory of South West Africa; (vii)

(xx) "voter" means any person who will be entitled to vote as contemplated in section 2(1). (xi)

(2) In the Afrikaans text of this Proclamation "landdros" and any expression including or derived from "landdros" shall be construed as

(xi) "kieser" iemand wat geregtig sal wees om te stem, soos in artikel 2(1) beoog; (xx)

(xii) "kontroleur" 'n kontroleur van registrasie ingevolge artikel 5(1) aangestel; (v)

(xiii) "landdros" ook 'n addisionele landdros; (ix)

(xiv) "nommer", met betrekking tot 'n registrasiekaart, die onderskeidende reeksnommer wat volgens voorskrif van subartikel (3) van hierdie artikel op die registrasievorm verskyn wat vir daardie registrasiekaart gebruik is; (x)

(xv) "opsiener" met betrekking tot 'n distrik, die persoon wat ingevolge artikel 5(2) die opsiener oor registrasie vir daardie distrik is; (xviii)

(xvi) "register van kiesers" die duplikate van registrasiekaarte, deur die hoofregistrasiebeampte ingevolge artikel 15(2) gehou; (xiv)

(xvii) "registrasiebeampte" iemand wat ampshalwe 'n registrasiebeampte is ingevolge subartikel (2) van artikel 6 of wat 'n aanstelling as 'n registrasiebeampte kragtens subartikel (4) van daardie artikel hou; (xvii)

(xviii) "registrasiekaart" die oorspronklike registrasievorm wat ten opsigte van 'n geregistreerde kieser voltooi en aan hom uitgereik is ingevolge artikel 14, of ingevolge daardie artikel soos toegepas deur paragraaf (a) van subartikel (5) van artikel 24 of daardie paragraaf gelees met artikel 22(6)(b)(ii); (xv)

(xix) "registrasievorm" 'n vorm AGV.2 soos in die Aanhangsel vervat en wat aan die bepalings van subartikel (3) van hierdie artikel voldoen; (xvi)

(xx) "registreer" om as kieser ingevolge artikel 14 te registreer, en het "geregistreerde" en "registrasie" ooreenstemmende betekenisse. (xii)

(2) In hierdie Proklamasie word "landdros" en 'n uitdrukking wat "landdros" insluit of daarvan afgelei is, uitgelê as 'n verwysing ook na onder-

including a reference to "magistraat" and the corresponding expression including or derived from "magistraat", respectively.

(3) Each registration form shall -

(a) bear a distinctive serial number, which may include a letter or letters of the alphabet; and

(b) consist of an original and a duplicate.

*Registration of voters to take place*

2. (1) A registration of persons who, by virtue of such registration and in terms of and subject to the provisions of laws to be introduced, will be entitled to vote at an election for a constituent assembly for the territory, shall take place in the territory during a period determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette.*

(2) The said period may be altered from time to time by the Administrator-General by similar proclamation, in respect of the territory or in respect of any district in the territory.

*Qualifications for registration*

3. (1) Every person who is of or over the age of eighteen years or who will attain that age during the period of registration determined in terms of section 2(1) or (2), and who -

(a) was born in the territory; or

(b) is ordinarily resident in the territory and has been so resident for a continuous period of not less than four years immediately before the date of his application for registration; or

(c) is the natural child of a person referred to in paragraph (a),

and is not subject to a disqualification mentioned in subsection (3), shall, on compliance with the provisions of this Proclamation, be entitled to be registered as a voter.

(2) For the purposes of subsection (1) a person shall be regarded as being ordinarily resident in the territory if his home or the place where he normally lives and by which he returns regularly

skeidelik "magistraat" en die ooreenstemmende uitdrukking wat "magistraat" insluit of daarvan afgelei is.

(3) Elke registrasievorm moet -

(a) 'n onderskeidende reeksnommer daarop hê, wat 'n letter of letters van die alfabet kan insluit; en

(b) uit 'n oorspronklike en 'n duplikaat bestaan.

*Registrasie van kiesers moet plaasvind*

2. (1) 'n Registrasie van persone wat uit hoofde van sodanige registrasie en ingevolge en behoudens die bepalings van wette wat ingevoer word, geregtig sal wees om by 'n verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering vir die gebied te stem, vind in die gebied plaas gedurende 'n tydperk wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

(2) Genoemde tydperk kan van tyd tot tyd deur die Administrateur-generaal by dergelike proklamasie verander word ten opsigte van die gebied of ten opsigte van enige distrik in die gebied.

*Bevoegdhede vir registrasie*

3. (1) Elke persoon wat agtien jaar oud of ouer is of wat daardie ouderdom sal bereik te eniger tyd gedurende die tydperk van registrasie ingevolge artikel 2(1) of (2) bepaal, en wat -

(a) in die gebied gebore is; of

(b) sy gewone verblyf in die gebied het en dit aldus gehad het vir 'n ononderbroke tydperk van minstens vier jaar onmiddellik voor die datum van sy aansoek om registrasie; of

(c) die natuurlike kind is van 'n persoon in paragraaf (a) bedoel,

en nie aan 'n in subartikel (3) genoemde onbevoegdheid onderhewig is nie, is by voldoening aan die bepalings van hierdie Proklamasie, geregtig om as kieser geregistreer te word.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word beskou dat 'n persoon sy gewone verblyf in die gebied het indien sy tuiste of die plek waar hy normaalweg woon en waarnatoe hy gereeld na 'n

after any period of temporary absence, is in the territory.

(3) No person shall be entitled to be registered as a voter if -

(a) he is subject to an order of a court declaring him to be of unsound mind or mentally disordered or defective; or

(b) he is detained as a mentally ill person under the provisions of any law.

*Chief registration officer*

4. (1) The Administrator-General shall appoint a chief registration officer who shall, subject to the control of the Administrator-General, be charged with the organization and control of the registration of voters in terms of this Proclamation, and perform the other duties and functions assigned to him by this Proclamation.

(2) The chief registration officer may take such steps as he may think necessary or desirable for the achievement of the objects of this Proclamation and to give effect to its provisions.

*Controllers, supervisors and district officers*

5. (1) (a) The chief registration officer may appoint as many controllers of registration for the territory as he may think fit.

(b) A controller shall perform the duties and functions assigned to him by the chief registration officer.

(c) A controller may, if authorized thereto by the chief registration officer, if the chief registration officer is absent or for any other reason unable to perform the functions of his office, by the Administrator-General, exercise any power conferred upon the chief registration officer by this Proclamation.

(2) (a) The chief registration officer may appoint a supervisor of registration for any district.

(b) A supervisor shall subject to the control of the chief registration officer organize and control the registration of voters in terms of this Proclamation in the district for which he has been appointed.

tydperk van tydelike afwesigheid terugkeer, in die gebied is.

(3) Niemand is geregtig om as kieser geregistreer te word nie indien hy -

(a) onderworpe is aan 'n bevel van 'n hof wat hom swaksinnig of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar; of

(b) kragtens die bepalings van die een of ander wet as 'n geestesongestelde persoon aangehou word.

*Hoofregistrasiebeampte*

4. (1) Die Administrateur-generaal stel 'n hoofregistrasiebeampte aan wat onder die beheer van die Administrateur-generaal belas is met die organisasie en beheer van die registrasie van kiesers ingevolge hierdie Proklamasie en die ander pligte en werksaamhede verrig wat by hierdie Proklamasie aan hom opgedra is.

(2) Die hoofregistrasiebeampte kan die stappe doen wat hy nodig of wenslik ag vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Proklamasie en om aan die bepalings daarvan gevolg te gee.

*Kontroleurs, opsieners en distriksbeamptes*

5. (1) (a) Die hoofregistrasiebeampte kan soveel kontroleurs van registrasie vir die gebied aanstel as wat hy goed ag.

(b) 'n Kontroleur verrig die pligte en werksaamhede wat die hoofregistrasiebeampte aan hom opdra.

(c) 'n Kontroleur kan, indien deur die hoofregistrasiebeampte of, as die hoofregistrasiebeampte afwesig is of om 'n ander rede nie die werksaamhede van sy amp kan verrig nie, deur die Administrateur-generaal daartoe gemagtig, enige bevoegdheid uitoefen wat by hierdie Proklamasie aan die hoofregistrasiebeampte verleen word.

(2) (a) Die hoofregistrasiebeampte moet 'n opsiener oor registrasie vir 'n distrik aanstel.

(b) 'n Opsiener moet onder die beheer van die hoofregistrasiebeampte die registrasie van kiesers ingevolge hierdie Proklamasie in die distrik waarvoor hy aangestel is, organiseer en beheer.

(3) (a) The chief registration officer shall appoint a district officer for any district;

(b) A district officer shall subject to the control of the chief registration officer in his office in the district for which he has been appointed keep the applications of registered voters and perform the other duties and functions incidental thereto assigned to him in terms of this Proclamation.

*Registration officers*

6. (1) The registration of voters in any district shall be carried out by registration officers for such district: Provided that no registration shall be invalid for the reason that it was carried out outside the boundaries of a particular district by a registration officer for that district.

(2) Each controller shall be registration officer for every district in the territory and a supervisor appointed under section 5(2)(a) shall be a registration officer for the district for which he is the supervisor.

(3) For each distrcit there shall be appointed as many registration officers in addition to the registration officers referred to in subsection (2), as may in the case of the district concerned be determined from time to time by the chief registration officer or, to the extent authorized by him, by any controller or the supervisor for that district.

(4) The appointment of a registration officer for a district may be made by the chief registration officer or any controller or the supervisor for such district or the leader of a team referred to in subsection (5) who is a registration officer for such district.

(5) Where two or more registration officers operate as a team, the chief registration officer or any controller or the supervisor of the district concerned may designate one of them as the leader of the team who shall, subject to the control of the said supervisor, be responsible for the organization and control of the work of the team.

*Conditions of appointments*

7. (1) (a) Any person appointed under section 4, 5 or 6 -

(i) who is not in the full-time service of the State shall be entitled to

(3) (a) Die Hoofregistrasiebeampte moet 'n distriksbeampte vir 'n distrik aanstel.

(b) 'n Distriksbeampte moet onder die beheer van die Hoofregistrasiebeampte in sy kantoor in die distrik waarvoor hy aangestel is, die aansoeke van geregistreerde kiesers hou en die ander pligte en werksaamhede in verband daarmee verrig wat ingevolge hierdie Proklamasie aan hom opgedra word.

*Registrasiebeamptes*

6. (1) Die registrasie van kiesers in 'n distrik word uitgevoer deur registrasiebeamptes vir daardie distrik: Met dien verstande dat geen registrasie ongeldig is omdat dit buite die grense van 'n bepaalde distrik deur 'n registrasiebeampte vir daardie distrik uitgevoer is nie.

(2) Elke kontroleur is 'n registrasiebeampte vir elke distrik in die gebied, en 'n opsiener kragtens artikel 5(2)(a) aangestel, is 'n registrasiebeampte vir die distrik waarvoor hy die opsiener is.

(3) Daar word vir elke distrik soveel registrasiebeamptes aangestel, benewens die in subartikel (2) bedoelde registrasiebeamptes, as wat in die geval van die betrokke distrik van tyd tot tyd deur die hoofregistrasiebeampte of, in die mate deur hom gemagtig, deur 'n kontroleur of die opsiener vir daardie distrik bepaal word.

(4) Die aanstelling van 'n registrasiebeampte vir 'n distrik kan gedoen word deur die hoofregistrasie beampte of enige kontroleur of die opsiener vir daardie distrik of die leier van 'n span in subartikel (5) bedoel wat 'n registrasiebeampte vir daardie distrik is.

(5) Waar twee of meer registrasiebeamptes as 'n span werk, kan die hoofregistrasiebeampte of enige kontroleur of die opsiener vir die betrokke distrik een van hulle aanwys as die leier van die span wat onder die beheer van dié opsiener verantwoordelik is vir die organisasie en beheer van die werk van die span.

*Voorwaardes van aanstellings*

7. (1) (a) Iemand kragtens artikel 4, 5 of 6 aangestel -

(i) wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, is geregtig op besoldi-

remuneration at a tariff determined by the Administrator-General;

(ii) shall, under circumstances so determined be entitled to the allowance or allowances so determined, at a tariff or tariffs so determined.

(b) Different tariffs and allowances may be determined under paragraph (a) in respect of the different offices provided for in the said section, or in respect of persons appointed to such offices who are in the full-time service of the State and persons so appointed who are not in the full-time service of the State, or in respect of work done under different circumstances or in different areas.

(c) In this subsection "State" shall include the Administrator-General, the Government Service of the territory and any other authority determined by the Administrator-General.

(d) The remuneration and any allowance paid to any person in terms of this subsection shall not be regarded as income for the purpose of any law imposing a tax on income.

(2) The appointment of any person under a provision of section 4, 5 or 6 may be withdrawn, without prior notice, by any authority empowered by the relevant provision to make an appointment of the nature in question.

(3) An appointment under section 4, 5 or 6 which is not in writing, shall be confirmed in writing as soon as circumstances permit.

*Powers of registration officers*

8. (1) Any registration officer may, with the necessary staff, vehicles and equipment, enter upon any land on which there is or is suspected to be any person who is qualified for registration, for the purpose of registering any such person who may wish to apply for registration: Provided that a registration officer may not enter upon any land or enter any building or structure on such land without the permission of its owner or occupier, or of the person in control of such land between the hours 19h00 and 7h00.

ging teen 'n tarief deur die Administrateur-generaal bepaal.

(ii) is onder omstandighede aldus bepaal geregtig op die toelae of toelaes aldus bepaal teen die tarief of tariewe aldus bepaal.

(b) Verskillende tariewe en toelaes kan kragtens paragraaf (a) bepaal word ten opsigte van die verskillende ampte waarvoor in genoemde artikels voorsiening gemaak word, of ten opsigte van persone in bedoelde ampte aangestel wat in die heeltydse diens van die Staat is en persone aldus aangestel wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, of ten opsigte van werk wat onder verskillende omstandighede of in verskillende gebiede gedoen word.

(c) In hierdie subartikel beteken "Staat" ook die Administrateur-generaal, die Regeringsdiens van die gebied en enige ander owerheid deur die Administrateur-generaal bepaal.

(d) Die besoldiging en 'n toelae wat kragtens hierdie subartikel aan iemand betaal word, word by die toepassing van enige wet wat 'n belasting op inkomste hef, nie as inkomste beskou nie.

(2) Die aanstelling van iemand kragtens 'n bepaling van artikel 4, 5 of 6 kan sonder kennisgewing vooraf deur enige owerheid ingetrek word wat deur die betrokke bepaling gemagtig is om 'n aanstelling van die betrokke aard te doen.

(3) 'n Aanstelling kragtens artikel 4, 5 of 6 wat nie in skrif is nie, moet skriftelik bevestig word sodra omstandighede dit toelaat.

*Bevoegdhede van registrasiebeamptes*

8. (1) 'n Registrasiebeampte kan met die nodige personeel, voertuie en toerusting enige grond waarop daar wel of na vermoede iemand is wat bevoeg is vir registrasie, betree ten einde so iemand wat moontlik om registrasie wil aansoek doen, te registreer: Met dien verstande dat 'n registrasiebeampte nie enige grond of 'n gebou of bousel op sodanige grond sonder die toestemming van die eienaar of bewoner daarvan of van die persoon in beheer van sodanige grond tussen die ure 19h00 en 7h00 mag betree nie.

(2) (a) The chief registration officer may by notice in writing to any person who employs or accommodates on any land any persons who are or may be qualified for registration, or to the person in charge of any such persons employed or accommodated on such land, require that person to cause the persons so employed or accommodated to be assembled and to be present at a time specified in the notice, at a place on such land to be determined by that person and notified by him before a time and to a registration officer and in a manner so specified, to enable a registration officer to register any person so employed or accommodated, or any other person, who may be qualified to apply for registration.

(b) A notice under paragraph (a) may be signed on behalf of the chief registration officer by a controller or supervisor authorized by the chief registration officer to do so.

(3) A registration officer, in considering or deciding any matter in terms of this Proclamation, may consult any other registration officer or any other person who may in the opinion of the registration officer be of any assistance.

*Application for registration*

9. (1) A person who is or claims to be qualified for registration, shall, if he wishes to apply for registration -

(a) appear in person before a registration officer;

(b) identify himself by means of an identity document or otherwise, to the reasonable satisfaction of the registration officer;

(c) in the case of any person referred to in paragraph (c) of subsection (1) of section 3, prove to the reasonable satisfaction of the registration officer that either one of his natural parents was born in the territory;

(d) submit to the registration officer an application form duly filled in by the applicant or by some person on his behalf;

(2) (a) Die hoofregistrasiebeampte kan by skriftelike kennisgewing aan iemand wat op enige grond persone in diens het of huisves wat vir registrasie bevoeg is of kan wees, of aan die persoon wat toesig het oor persone wat op bedoelde grond in diens is of gehuisves word, daardie persoon aansê om die persone wat aldus in diens is of gehuisves word byeen te laat bring en om teenwoordig te wees op 'n tyd in die kennisgewing vermeld, op 'n plek op bedoelde grond wat deur daardie persoon bepaal moet word en deur hom voor 'n tydstip en aan 'n registrasiebeampte en op 'n wyse aldus vermeld, meegedeel moet word, ten einde 'n registrasiebeampte in staat te stel om iemand wat aldus in diens is of gehuisves word, of 'n ander persoon, wat bevoeg mag wees om aansoek om registrasie te doen, te registreer.

(b) 'n Kennisgewing kragtens paragraaf (a) kan namens die hoofregistrasiebeampte geteken word deur 'n kontroleur of opsiener wat deur die hoofregistrasiebeampte daartoe gemagtig is.

(3) 'n Registrasiebeampte kan by die oorweging of beslissing van 'n aangeleentheid ingevolge hierdie Proklamasie, enige ander registrasiebeampte of iemand anders wat na die oordeel van die registrasiebeampte tot hulp kan wees, raadpleeg.

*Aansoek om registrasie*

9. (1) Iemand wat bevoeg is vir registrasie of daarop aanspraak maak dat hy is, moet, indien hy aansoek om registrasie wil doen -

(a) persoonlik voor 'n registrasiebeampte verskyn;

(b) homself deur middel van 'n identiteitsdokument, of andersins, tot die redelike bevrediging van die registrasiebeampte, identifiseer;

(c) in die geval van 'n persoon in paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel 3 bedoel, tot redelike bevrediging van die registrasiebeampte bewys dat enige een van sy natuurlike ouers in die gebied gebore is;

(d) 'n aansoekvorm wat deur die aansoeker of deur iemand ten behoewe van hom ingevul is, aan die registrasiebeampte voorlê;

(e) when required by the registration officer to do so, affirm orally the declaration which appears on the application form and which is required to be made by the applicant; and

(f) in the presence of the registration officer and in accordance with his instructions -

(i) sign the application form; or

(ii) if he cannot write his name, place his left thumb print or such other fingerprint or fingerprints or a mark, as the registration officer may require in terms of subsection (3), on the application form in the presence of the registration officer.

(2) An applicant who would otherwise be required to place his left thumb print on the application form, shall -

(a) if in the opinion of the registration officer it is not possible, due to a physical disability of the applicant to obtain a left thumb print of the applicant; or

(b) if in the opinon of the registration officer it is for any reason not possible to obtain a clear left thumb print of the applicant,

place on the application form, in the presence of and in accordance with the instructions of the registration officer, an imprint -

(i) of the fingers of his left hand excluding the thumb; or

(ii) of his right thumb, if the circumstances of paragraph (a) or (b) in relation to his left thumb print apply also in relation to the imprint of the fingers of his left hand; or

(iii) of the fingers of his right hand excluding the thumb, if the said circumstances apply also in relation to his right thumb print,

and, if, because of a physical disability of the applicant none of the said imprints can be obtained, he shall, in the presence and in accordance with the instructions of the registration officer place on the application form such mark

(e) wanneer die registrasiebeampte hom daartoe aansê, die verklaring wat op die aansoekvorm verskyn en deur die aansoeker gedoen moet word, mondelings bevestig; en

(f) in die teenwoordigheid van die registrasiebeampte en volgens sy voorskrifte -

(i) die aansoekvorm teken; of

(ii) indien hy nie sy naam kan skryf nie, sy linkerduimafdruk of die ander vingerafdruk of vingerafdrukke of 'n merk, na vereiste van die registrasiebeampte ingevolge subartikel (3), op die aansoekvorm plaas in die teenwoordigheid van die registrasiebeampte.

(2) 'n Aansoeker wat andersins sy linkerduimafdruk op die aansoekvorm sou moes plaas, moet -

(a) indien, na die oordeel van die registrasiebeampte, dit weens 'n fisiese gebrek van die aansoeker nie moontlik is om 'n linkerduimafdruk van die aansoeker te verkry nie; of

(b) indien, na die oordeel van die registrasiebeampte, dit om die een of ander rede nie moontlik is om 'n duidelike linkerduimafdruk van die aansoeker te verkry nie;

op die aansoekvorm in die teenwoordigheid en volgens die voorskrifte van die registrasiebeampte, 'n afdruk plaas -

(i) van die vingers van sy linkerhand uitgesonderd die duim; of

(ii) van sy regterduim, indien die omstandighede van paragraaf (a) of (b) met betrekking tot sy linkerduimafdruk ook met betrekking tot die afdruk van die vingers van sy linkerhand van toepassing is; of

(iii) van die vingers van sy regterhand uitgesonderd die duim, indien genoemde omstandighede ook met betrekking tot sy regterduimafdruk van toepassing is,

en, indien geeneen van genoemde afdrukke weens 'n fisiese gebrek van die aansoeker verkry kan word nie, moet hy in die teenwoordigheid en volgens die voorskrifte van die registrasiebeampte, op die aansoekvorm 'n merk plaas wat hy in staat

as he may be able to make: Provided that, where any of the foregoing provisions of this subsection is applied, the registration officer shall make a suitable note on the application form in accordance with the instructions issued by the chief registration officer.

(3) The registration officer shall -

(a) explain to the applicant the contents of the application form and declaration referred to in subsection (1)(d) and (e), respectively; and

(b) require the applicant to affirm orally the declaration referred to in subsection (1)(e); and

(c) if the applicant so affirms the said declaration and even if the application form already bears a signature, fingerprint or mark purporting to be that of the applicant, require the applicant -

(i) to sign the application form in the presence of the registration officer; or

(ii) if the applicant cannot write his name to place his left thumb print or as the circumstances may require the other finger prints or fingerprint or a mark prescribed by subsection (2) on the application form in the presence of the registration officer; and

(d) if the applicant complies with the registration officer's requirement under paragraph (b), sign the application form in the space provided for that purpose and with the official stamp indicate the date and the district for which he is a registration officer on that form.

(4) A registration officer may -

(a) fill in an application form on behalf of any applicant and in accordance with the information furnished by him;

(b) require any applicant to furnish such explanation, information or further particulars as may be necessary to establish the correctness of the particulars entered or to be entered on the relevant application form;

is om te maak: Met dien verstande dat waar die een of ander van die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel toegepas word die registrasiebeampte 'n gepaste aantekening op die aansoekvorm moet maak ooreenkomstig die voorskrifte wat deur die hoofregistrasiebeampte uitgereik is.

(3) Die registrasiebeampte moet -

(a) die inhoud van die in subartikel (1)(d) en (e) bedoelde aansoekvorm en verklaring, onderskeidelik, aan die aansoeker verduidelik; en

(b) die aansoeker aansê om die in subartikel (1)(e) bedoelde verklaring mondelings te bevestig; en

(c) indien die aansoeker genoemde verklaring aldus bevestig en selfs al verskyn daar op die aansoekvorm reeds 'n handtekening, vingerafdruk of merk wat heet die van die aansoeker te wees die aansoeker aansê -

(i) om die aansoekvorm in die teenwoordigheid van die registrasiebeampte te teken; of

(ii) indien die aansoeker nie sy naam kan skryf nie, om sy linkerduimafdruk of, na vereiste van omstandighede, die ander vingerafdrukke of vingerafdruk of 'n merk wat by subartikel (2) voorgeskryf word, in die teenwoordigheid van die registrasiebeampte op die aansoekvorm te plaas; en

(d) indien die aansoeker aan die voorskrif van die registrasiebeampte ingevolge paragraaf (b) voldoen, die aansoekvorm in die spasie daarvoor voorsien, teken, en die datum en die distrik waarvoor hy 'n registrasiebeampte is, met die amptelike stempel op die aansoekvorm aandui.

(4) 'n Registrasiebeampte kan -

(a) 'n aansoekvorm ten behoewe van 'n aansoeker en ooreenkomstig die inligting deur hom verstrek, invul;

(b) van 'n aansoeker vereis dat hy die verduideliking, inligting of verdere besonderhede verstrek wat nodig is om die juistheid van die besonderhede wat op die betrokke aansoekvorm aangegee is of aangegee staan te word, vas te stel;

(c) on behalf of any applicant, and before such applicant complies with the relevant requirement made under subsection (3)(b), correct any entry on such form which requires correction in the light of such explanation, information or further particulars: Provided that any such correction shall be authenticated by the signature of the applciant, or, if the applicant cannot write his name, by the signature of the registration officer.

*Rejection of uncompleted application form*

10. A registration officer shall reject an application form if the applicant fails to comply with any provision of section 9(1) or (2).

*Refusal to register applicant*

11. (1) A registration officer may, after considering an application duly made in terms of section 9, refuse to register the applicant -

(a) if the registration officer is not satisfied that the applicant, on the strength of his application, is qualified for registration; or

(b) if, although the applicant would on the strength of his application be so qualified, the registration officer is for any reason of the opinion that any information set out in the application or any fact averred in the declaration made by the applicant in the application is false and that the applicant would not be so qualified if the true information had been so set out or the true fact had been so averred.

(2) If a registration officer refuses under subsection (1) to register an applicant, he shall -

(a) record the refusal and the reason for it, the date of the refusai and the district for which he has been appointed on the application form, and sign the record; and

(b) return the application form to the applicant and inform him that he may appeal against the refusal to the magistrate of the said district within 21 days after the said date and in the manner prescribed by section 12.

(c) ten behoewe van 'n aansoeker, en voordat dié aansoeker voldoen aan die betrokke voorskrif ingevolge subartikel (3)(b) gegee, enige inskrywing op bedoelde vorm verbeter wat verbeter moet word in die lig van sodanige verduideliking, inligting of verdere besonderhede: Met dien verstande dat so 'n verbetering gestaaf moet word deur die handtekening van die aansoeker of, as die aansoeker nie sy naam kan skryf nie, deur die handtekening van die registrasiebeampte.

*Verwerping van onvoltooide aansoekvorm*

10. 'n Registrasiebeampte moet 'n aansoekvorm verwerp indien die aansoeker versuim om aan die een of ander bepaling van artikel 9(1) of (2) te voldoen.

*Weiering om aansoeker te registreer*

11. (1) 'n Registrasiebeampte kan, nadat hy 'n aansoek oorweeg het wat na behore ingevolge artikel 9 gedoen is, weier om die aansoeker te registreer -

(a) indien die registrasiebeampte nie oortuig is dat die aansoeker op grond van sy aansoek vir registrasie bevoeg is nie; of

(b) indien, alhoewel die aansoeker op grond van sy aansoek aldus bevoeg sou wees, die registrasiebeampte om die een of ander rede van mening is dat inligting in die aansoek vervat of 'n feit wat beweer word in die verklaring deur die aansoek in die aansoek gedoen, vals is en dat die aansoeker nie aldus bevoeg sou wees indien die juiste inligting aldus vervat of die ware feit aldus beweer was nie.

(2) Indien 'n registrasiebeampte kragtens subartikel (1) weier om 'n aansoeker te registreer, moet hy -

(a) die weiering en die rede daarvoor, die datum van die weiering en die distrik waarvoor hy aangestel is, op die aansoekvorm aanteken en die aantekening onderteken; en

(b) die aansoekvorm aan die aansoeker teruggee en hom meedeel dat hy na die landdros van genoemde distrik teen die weiering kan appelleer binne 21 dae na genoemde datum en op die wyse by artikel 12 voorgeskryf.

*Appeal against refusal to register*

12. (1) Any person whose application for registration has been refused under section 11 may, within the period of 21 days after the date of the refusal and in the manner prescribed by subsection (3) of this section, appeal against such refusal to the magistrate of the district recorded on the application form in terms of section 11(2)(a) by the registration officer: Provided that the said magistrate, at his discretion and for good cause shown, may in any particular case allow the person concerned to appeal in the manner aforesaid after the lapse of the said period but on or before a date fixed by the magistrate.

(2) (a) The said magistrate may fix such times as he may think fit for the hearing of appeals under subsection (1) at his office or at any other place or places determined by him, and shall cause the times so fixed and the other place or places so determined to be made known in such manner as he may think best calculated to bring them to the notice of interested persons.

(b) If the magistrate has not fixed any times or determined any other place under paragraph (a), any appeal under subsection (1) shall be heard at his office, at a time fixed by him at the request of the person who wishes to appeal.

(c) The provisions of paragraphs (a) and (b) shall not prohibit the magistrate from hearing an appeal at any place or time determined by him and communicated to the person who wishes to appeal, or at any place where both the magistrate and that person are at any time.

(3) At a time and place determined in accordance with the provisions of subsection (2), the person who wishes to appeal (hereinafter called the appellant), shall -

(a) appear in person before the magistrate;

(b) submit his application, returned to him in terms of section 11(2)(b), to the magistrate;

(c) state the grounds on which he appeals against the refusal of his application; and

*Appél teen weiering om te registreer*

12. (1) Iemand wie se aansoek om registrasie kragtens artikel 11 geweier is, kan binne die tydperk van 21 dae na die datum van die weiering, en op die wyse in subartikel (3) van hierdie artikel voorgeskryf, teen sodanige weiering appelleer na die landdros van die distrik wat ingevolge artikel 11(2)(a) op die aansoekvorm aangeteken is deur die registrasiebeampte: Met dien verstande dat genoemde landdros, na goeddunke en indien goeie gronde aangevoer word, in 'n bepaalde geval die betrokke persoon kan toelaat om op die voornoemde wyse te appelleer na verstryking van genoemde tydperk maar op of voor 'n datum deur die landdros vasgestel.

(2) (a) Genoemde landdros kan die tye wat hy goed ag, vasstel vir die verhoor van appèlle kragtens subartikel (1) by sy kantoor of op die ander plek of plekke deur hom bepaal, en moet die tye aldus vasgestel en die ander plek of plekke aldus bepaal op die wyse bekend laat maak wat na sy oordeel die beste daarop bereken is om dit onder die aandag van belanghebbendes te bring.

(b) Indien die landdros nie kragtens paragraaf (a) tye vasgestel of 'n ander plek bepaal het nie, word 'n appél kragtens subartikel (1) by sy kantoor verhoor op 'n tyd wat deur hom vasgestel is op versoek van die persoon wat wil appelleer.

(c) Die bepalings van paragrawe (a) en (b) belet nie die landdros om 'n appél op enige plek en tyd wat deur hom bepaal is en wat aan die persoon wat wil appelleer, meegedeel is, of op enige plek waar sowel die landdros as daardie persoon te eniger tyd is, te verhoor nie.

(3) Op 'n tyd en plek volgens voorskrif van subartikel (2) bepaal, moet die persoon wat wil appelleer (hieronder die appellant genoem) -

(5) The chief registration officer shall cancel every registration card which in terms of section 21 ceased to be valid if such registration card comes into his possession at any time and has not already been cancelled in terms of subsection (4)(b) of this section, unless the magistrate's decision as a result of which such registration card ceased to be valid has been set aside under section 22(3).

*Replacement of registration card*

24. (1) A person who is registered as a voter and whose registration card has been lost, destroyed or has for any reason become illegible, may apply to the district officer in whose office the application form relating to the registration of such person as a voter (hereinafter referred to as the registration application) is kept, that a registration card be issued to him in the place of the lost, destroyed or illegible registration card.

(2) (a) Such person shall appear before a registration officer and submit to him a sworn statement in which shall be stated the available particulars of the lost, destroyed or illegible registration card and the issuing thereof, and full particulars of all the facts and circumstances relating to its loss or destruction or its becoming illegible.

(b) The registration officer shall cause such assistance to be given to a person who cannot write, as may be necessary to enable him to submit such sworn statement.

(c) If the application is made by reason of the illegibility of the registration card, the registration officer shall not consider it unless the registration card is submitted to him together with the sworn statement.

(a) indien hy die beswaar verwerp, daardie registrasiekaart aan die betrokke geregistreerde kieser teruggee; of

(b) indien hy die beswaar handhaaf en daardie registrasiekaart ingevolge artikel 21 ophou om geldig te wees, daardie registrasiekaart kanselleer, die betrokke aansoek dienooreenkomstig endosseer, en die gekanselleerde registrasiekaart aan die hoofregistrasiebeampte stuur.

(5) Die hoofregistrasiebeampte moet elke registrasiekaart wat ingevolge artikel 21 opgehou het om geldig te wees, kanselleer indien dit te eniger tyd in sy besit kom en nie reeds ingevolge subartikel (4)(b) van hierdie artikel gekanselleer is nie, tensy die landdros se beslissing as gevolg waarvan daardie registrasiekaart ongeldig geword het, kragtens artikel 22(3) ter syde gestel is.

*Vervanging van registrasiekaart*

24. (1) Iemand wat as kieser geregistreer is en wie se registrasiekaart verlore of vernietig is of om die een of ander rede onleesbaar geword het, kan by die distriksbeampte in wie se kantoor die aansoekvorm gehou word wat op daardie persoon se registrasie as kieser betrekking het (hieronder die registrasie-aansoek genoem), aansoek doen dat 'n registrasiekaart aan hom uitgereik word in die plek van die verlore, vernietigde of onleesbare registrasiekaart.

(2) (a) Bedoelde persoon moet voor 'n registrasiebeampte verskyn en aan hom 'n beëdigde verklaring voorlê waarin die beskikbare besonderhede van die verlore, vernietigde of onleesbare registrasiekaart en die uitreiking daarvan, en volle besonderhede van al die feite en omstandighede wat op die verlies of vernietiging of onleesbaarwording daarvan betrekking het, vermeld word.

(b) Die registrasiebeampte laat aan iemand wat nie kan skryf nie, die bystand verleen wat nodig is om hom in staat te stel om bedoelde beëdigde verklaring voor te lê.

(c) Indien die aansoek op grond van die onleesbaarheid van die registrasiekaart gedoen word, oorweeg die registrasiebeampte dit nie tensy die registrasiekaart tesame met die beëdigde verklaring aan hom voorgelê word.

(3) (a) The registration officer may, before considering the application, require the person making the application to submit or produce such proof of his identity as the registration officer considers necessary, and he may refuse to consider the application if that person fails to comply with any such requirement, or if the registration officer is not satisfied that the registration application is kept in the office of the district officer concerned.

(b) The provisions of section 12(4) shall *mutatis mutandis* apply in relation to the consideration of an application made under subsection (1) of this section.

(4) The registration officer may grant the application or refuse it and shall record his decision on the registration application.

(5) If the registration officer grants the application, he shall -

(a) forthwith issue to that person a registration card *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of section 14;

(b) cancel any registration card submitted to him in terms of subsection (2)(c) and forward such cancelled registration card to the chief registration officer.

(6) The registration officer shall keep a record of the proceedings before him under this section, and such record shall form part of the registration application.

(7) A registration card replaced on the ground of its loss or destruction by the issue of another registration card in terms of this section, shall cease to be of any force and effect and shall be cancelled by the registration officer referred to in subsection (2) or the chief registration officer if it comes into his possession at any time.

*Returns and list in respect of objections postponed sine die*

*25. (1) A magistrate who postponed the hearing of an objection sine die* under paragraph (a) of subsection (4) of section 19 shall, unless the registration card issued to the respondent has been surrendered or seized in terms of section 23, render to the chief registration officer a return showing -

(3) (a) Die registrasiebeampte kan, voordat hy die aansoek oorweeg, van die persoon wat die aansoek doen, vereis dat hy die bewys van sy identiteit indien of voorlê wat die registrasiebeampte nodig ag, en hy kan weier om die aansoek te oorweeg indien daardie persoon versuim om aan so 'n vereiste te voldoen, of indien die registrasiebeampte nie oortuig is dat die registrasieaansoek in die betrokke distriksbeampte se kantoor gehou word nie.

(b) Die bepalings van artikel 12(4) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die oorweging van 'n aansoek kragtens subartikel (1) van hierdie artikel gedoen.

(4) Die registrasiebeampte kan die aansoek toestaan of dit weier, en teken sy beslissing op die registrasie-aansoek aan.

(5) Indien die registrasiebeampte die aansoek toestaan, moet hy -

(a) onverwyld 'n registrasiekaart aan daardie persoon uitreik *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel 14;

(b) 'n registrasiekaart wat ingevolge subartikel (2)(c) aan hom voorgelê is, kanselleer en die gekanselleerde registrasiekaart aan die hoofregistrasiebeampte stuur.

(6) Die registrasiebeampte moet 'n aantekening hou van die verrigtinge voor hom kragtens hierdie artikel, en daardie aantekening, word aan die registrasie-aansoek geheg en maak deel daarvan uit.

(7) 'n Registrasiekaart wat op grond van die verlies of vernietiging daarvan vervang is deur die uitreiking van 'n ander registrasiekaart ingevolge hierdie artikel, hou op om geldig te wees en moet deur die in subartikel (2) bedoelde registrasiebeampte of die hoofregistrasiebeampte gekanselleer word indien dit te eniger tyd in sy besit kom.

*Opgawes en lys ten opsigte van besware sine die uitgestel*

25. (1) 'n Landdros wat die verhoor van 'n beswaar *sine die* uitgestel het kragtens paragraaf (a) van subartikel (4) van artikel 19 moet, tensy die registrasiekaart wat aan die respondent uitgereik is, ingevolge artikel 23 oorgegee of in beslag geneem is, 'n opgawe aan die hoofregistrasiebeampte verstrek waarin aangetoon word -

(a) the number of the said registration card;

(b) the date on which it was issued;

(c) the district in which it was issued;

(d) the name of the person to whom it was issued;

(e) the date on which the objection was lodged;

(f) the name of the objector;

(g) the residential address of the objector,

and any further particulars required by the chief registration officer.

(2) If the magistrate dismisses the objection at any time after rendering a return in respect of the relevant registration card in terms of subsection (1), he shall advise the chief registration officer thereof without delay, and, if the advice is not in writing, shall confirm it in writing without delay.

(3) The chief registration officer shall prepare a list of all registration cards in respect of which returns are rendered in terms of subsection (1), on which the numbers of such registration cards are reflected in numerical order, and, opposite each number, the other particulars mentioned in that subsection in respect of the registration card concerned.

(4) The chief registration officer shall whenever necessary amend such list by deleting the number and particulars in respect of a registration card cancelled by him or any magistrate in terms of section 23 or to which a magistrate's advice in terms of subsection (2) of this section relates, and may from time to time prepare a revised list.

*Returns of invalid registration cards not cancelled*

26. (1) A magistrate who allowed an objection under section 20 shall, if his decision has not been set aside under section 22(3) and he has not in terms of section 23(4)(b) cancelled the registration card which, as a result of the allowance of the objection in terms of section 21 ceased to be valid, render to the chief registration officer a return showing -

(a) die nommer van genoemde registrasiekaart;

(b) die datum waarop dit uitgereik is;

(c) die distrik waarin dit uitgereik is;

(d) die naam van die persoon aan wie dit uitgereik is;

(e) die datum waarop die beswaar ingedien is;

(f) die naam van die beswaarmaker;

(g) die woonadres van die beswaarmaker,

en die verdere besonderhede wat die hoofregistrasiebeampte vereis.

(2) Indien die landdros die beswaar verwerp te eniger tyd nadat hy 'n opgawe ten opsigte van die betrokke registrasiekaart ingevolge subartikel (1) verstrek het, moet hy die hoofregistrasiebeampte onverwyld daarvan in kennis stel en, indien die kennisgewing nie in skrif is nie, moet hy dit onverwyld skriftelik bevestig.

(3) Die hoofregistrasiebeampte moet 'n lys opstel van alle registrasiekaarte ten opsigte waarvan opgawes ingevolge subartikel (1) verstrek word, waarop die nommers van sodanige registrasiekaarte in numeriese volgorde aangegee word en, teenoor elke nommer, die ander besonderhede in daardie subartikel genoem ten opsigte van die betrokke registrasiekaart.

(4) Die hoofregistrasiebeampte moet bedoelde lys wanneer nodig wysig deur die nommer en besonderhede ten opsigte van 'n registrasiekaart wat ingevolge artikel 23 deur hom of 'n landdros gekanselleer is of waarop 'n landdros se kennisgewing ingevolge subartikel (2) van hierdie artikel betrekking het, te skrap, en kan van tyd tot tyd 'n hersiene lys opstel.

*Opgawes van ongeldige registrasiekaarte wat nie gekanselleer is nie*

26. (1) 'n Landdros wat 'n beswaar kragtens artikel 20 gehandhaaf het, moet, indien sy beslissing nie kragtens artikel 22(3) tersyde gestel is nie en hy nie ingevolge artikel 23(4)(b) die registrasiekaart wat, as gevolg van die handhawing van die beswaar, ingevolge artikel 21 opgehou het om geldig te wees, gekanselleer het nie, 'n opgawe aan die hoofregistrasiebeampte verstrek waarin aangetoon word -

(a) the number of the said registration card;

(b) the date on which it was issued;

(c) the district in which it was issued;

(d) the name of the person to whom it was issued;

(e) the date on which the objection was allowed,

and any further particulars required by the chief registration officer

(2) A registration officer who under subsection (4) of section 24 granted an application made under subsection (1) of that section, shall render to the chief registration officer, in respect of the registration card which in terms of subsection (7) of that section ceased to be valid, a return showing -

(a) the number of the said registration card;

(b) the date on which it was issued;

(c) the district in which it was issued;

(d) the name of the person to whom it was issued;

(e) the date on which the relevant application was granted;

(f) the number of the registration card issued to replace the invalidated registration card,

and any further particulars required by the chief registration officer.

*Cancellation of registration card on death of registered voter*

27. (1) Any person who at any time is in possession of a registration card issued to a registered voter who has died after the issue thereof, shall deliver that registration card without delay to any officer appointed under this Proclamation or to any registration officer, police officer or other officer in the Government Service.

(a) die nommer van genoemde registrasiekaart;

(b) die datum waarop dit uitgereik is;

(c) die distrik waarin dit uitgereik is;

(d) die naam van die persoon aan wie dit uitgereik is;

(e) die datum waarop die beswaar gehandhaaf is,

en die verdere besonderhede wat die hoofregistrasiebeampte vereis.

(2) 'n Registrasiebeampte wat kragtens subartikel (4) van artikel 24 'n aansoek toegestaan het wat kragtens subartikel (1) van daardie artikel gedoen is, moet ten opsigte van die registrasiekaart wat ingevolge subartikel (7) van daardie artikel opgehou het om geldig te wees, aan die hoofregistrasiebeampte, 'n opgawe verstrek waarin aangetoon word -

(a) die nommer van genoemde registrasiekaart;

(b) die datum waarop dit uitgereik is;

(c) die distrik waarin dit uitgereik is;

(d) die naam van die persoon aan wie dit uitgereik is;

(e) die datum waarop die betrokke aansoek toegestaan is;

(f) die nommer van die registrasiekaart wat uitgereik is ter vervanging van die ongeldige registrasiekaart,

en die verdere besonderhede wat die hoofregistrasiebeampte vereis.

*Kansellering van registrasiekaart by dood van geregistreerde kieser*

27. (1) Enigiemand wat te eniger tyd in besit is van die registrasiekaart wat uitgereik is aan 'n geregistreerde kieser wat na die uitreiking daarvan te sterwe gekom het, moet daardie registrasiekaart sonder versuim besorg aan 'n beampte wat kragtens hierdie Proklamasie aangestel is of aan 'n registrasiebeampte, polisiebeampte of ander beampte in die Regeringsdiens.

(2) An officer referred to in subsection (1) shall, if he is not the chief registration officer, deliver the registration card without delay to the chief registration officer, who shall cancel it.

*Amendment of register of voters*

28. The chief registration officer shall -

(a) if a registration card has been cancelled in terms of section 23, 24 or 27, cancel the duplicate of that registration card;

(b) upon receipt of a return rendered to him in terms of section 25(1) in respect of a registration card, endorse the duplicate of that registration card to the effect that the relevant objection was postponed *sine die;*

(c) upon receipt of an advice in terms of section 25(2) in respect of a registration card of which the duplicate bears an endorsement under paragraph (b) of this section, endorse that duplicate to the effect that the relevant objection was dismissed;

(d) upon receipt of a return rendered to him in terms of section 26 in respect of a registration card, cancel the duplicate of that registration card.

*Offences and penalties*

29. (1) Any person who -

(a) whether himself or through an intermediary and whether directly or indirectly, with intent to dissuade, discourage or prevent any other person from causing himself to be registered as a voter, irrespective of whether such other person is qualified for such registration or is not so qualified, or with intent to obtain unlawfully the possession of a registration card issued to any other person -

(i) uses or threatens to use violence against the person or his next of kin or property of any person or his next of kin; or

(ii) does or omits to do, or threatens to do or omit to do anything, whether lawful or unlawful, to the loss, detriment, dis-

(2) 'n Beampte in subartikel (1) bedoel, moet, indien hy nie die hoofregistrasiebeampte is nie, die registrasiekaart sonder versuim besorg aan die hoofregistrasiebeampte, wat dit kanselleer.

*Wysiging van register van kiesers*

28. Die hoofregistrasiebeampte moet -

(a) indien 'n registrasiekaart ingevolge artikel 23, 24 of 27 gekanselleer is, die duplikaat van daardie registrasiekaart kanselleer;

(b) by ontvangs van 'n opgawe ingevolge artikel 25(1) aan hom verstrek ten opsigte van 'n registrasiekaart, die duplikaat van daardie registrasiekaart endosseer ten effekte dat die betrokke beswaar *sine die* uitgestel is;

(c) by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge artikel 25(2) ten opsigte van 'n registrasiekaart waarvan die duplikaat kragtens paragraaf (b) van hierdie artikel geëndosseer is, daardie duplikaat endosseer ten effekte dat die betrokke beswaar verwerp is;

(d) by ontvangs van 'n opgawe ingevolge artikel 26 aan hom verstrek ten opsigte van 'n registrasiekaart, die duplikaat van daardie registrasiekaart kanselleer.

*Misdrywe en strawwe*

29. (1) Iemand wat -

(a) hetsy self of deur 'n tussenpersoon en hetsy regstreeks of onregstreeks, met die opset om 'n ander persoon of persone in die algemeen af te raai, te ontmoedig of te verhinder om hom of hulle as kieser te laat registreer, ongeag of bedoelde ander persoon of persone bevoeg is vir sodanige registrasie of nie aldus bevoeg is nie, of met die opset om besit onwettig te verkry van 'n registrasiekaart wat aan 'n ander persoon uitgereik is -

(i) geweld gebruik of dreig om geweld te gebruik teen die persoon of sy naasbestaandes of goed van enige persoon of sy naasbestaandes; of

(ii) enigiets hetsy wettig of onwettig, tot verlies, skade of nadeel van enige persoon of sy naasbestaandes doen of

advantage or prejudice of any person or his next of kin; or

(b) whether himself or through an intermediary and whether directly or indirectly advises, encourages, instigates or incites any other person, or the persons present at any assembly of persons, not to cause him or themselves to be registered as a voter or as voters, irrespective of whether such other person or any person so present is qualified for such registration or is not so qualified; or

(c) with intent to defraud duplicates, copies, forges, falsifies or fabricates any registration form or registration card or any document purporting to be a registration form or a registration card, or utters or is in possession of any document so duplicated, copied, forged, falsified or fabricated; or

(d) not being the chief registration officer or a registration officer or magistrate or other person acting within the course of his duties under or for the purposes of this Proclamation, is in possession of a registration form or issues or purports to issue a registration card or destroys, mutilates or defaces any registration card or, except in accordance with the provisions of this Procalamtion, places any writing or mark on any registration card; or

(e) is found in possession of a registration card not issued to him, without being able to give a satisfactory explanation for his possession of it, or is found in possession of more than one registration card issued to him; or

(f) being a registered voter, applies for registration as a voter in terms of this Proclamation, or, after having ceased in terms of section 21 to be a registered voter, applies as aforesaid without being qualified for registration or induces or procures any other person to apply for registration or to register in fact as a voter knowing such other person or himself not to be authorized by this Proclamation to be so applying or to be so registered; or

(g) obstructs, hinders or interferes with the chief registration officer or any controller,

nalaat om dit te doen of dreig om dit te doen of na te laat om dit te doen; of

(b) hetsy self of deur 'n tussenpersoon en hetsy regstreeks of onregstreeks, 'n ander persoon of die persone teenwoordig by 'n byeenkoms van persone, aanraai, aanmoedig, aanstig of uitlok om hom of hulle nie as kieser of kiesers te laat registreer nie, ongeag of bedoelde ander persoon of enige persoon aldus teenwoordig bevoeg is vir sodanige registrasie of nie aldus bevoeg is nie; of

(c) met die opset om te bedrieg, 'n registrasievorm of registrasiekaart of 'n stuk wat heet 'n registrasievorm of 'n registrasiekaart te wees, dupliseer, kopieer, namaak, vervals of vervaardig of 'n stuk wat aldus gedupliseer, gekopieer, nagemaak, vervals of vervaardig is, uitgee of in besit daarvan is; of

(d) terwyl hy nie die hoofregistrasiebeampte of 'n registrasiebeampte of landdros of ander persoon is wat in die loop van sy pligte kragtens of vir die doeleindes van hierdie Proklamasie optree nie, in besit is van 'n registrasievorm of 'n registrasiekaart uitreik of heet uit te reik of 'n registrasiekaart vernietig, skend of onleesbaar maak of, behalwe ooreenkomstig die bepalings van hierdie Proklamasie, enige geskrif of merk op 'n registrasiekaart aanbring; of

(e) in besit gevind word van 'n registrasiekaart wat nie aan hom uitgereik is nie, sonder om in staat te wees om 'n bevredigende verduideliking vir sy besit daarvan te gee, of in besit gevind word van meer as een registrasiekaart wat aan hom uitgereik is; of

(f) terwyl hy 'n geregistreerde kieser is aansoek doen om registrasie as 'n kieser ingevolge hierdie Proklamasie, of, nadat hy ingevolge artikel 21 opgehou het om 'n geregistreerde kieser te wees, soos voornoemd aansoek doen sonder om bevoeg vir registrasie te wees of iemand anders oorreed of verky om aansoek te doen om registrasie of inderdaad te registreer as 'n kieser wetende dat sodanige ander persoon of hy nie by hierdie proklamasie gemagtig is om aldus aansoek te doen of te registreer nie; of

(g) die hoofregistrasiebeampte of 'n kontroleur, opsiener, distriksbeampte, landdros of

supervisor, district officer, magistrate or registration officer in the performance of his duties or functions or the exercise of his powers under this Proclamation; or

(h) without being authorized thereto removes any document from any place where it is kept in terms of any provision of this Proclamation, or destroys, mutilates, defaces, places any writing or mark upon or otherwise interferes with any document so kept in such place or any document, form, paper, instrument or other thing used for or required in connection with the carrying out of any such provision; or

(i) without good cause (the onus of which shall be on him) fails to comply with a notice furnished to him under section 8(2); or

(j) in or for the purpose of any application made to a registration officer in terms of section 9 or 24 or any proceedings before a magistrate under section 12 or 19 makes a false statement knowing it to be false or not believing it to be true; or

(k) when required by a magistrate under section 12(4)(b)(i) or under section 19(2)(c)(ii), or by a registration officer under section 24(3) to appear before him, fails to do so, or, having so appeared, fails to answer fully and truthfully any question put to him or to produce any thing that he has with him: Provided that such person shall not be compelled to answer any question or produce anything that he would not be compelled to answer or produce in any civil proceedings before a magistrate's court; or

(l) obstructs, hinders or interferes with any person serving or attemting to serve a copy of a notice of objection in terms of section 18; or

(m) fails to comply with the provisions of paragraph (a) of subsection (l) of section 23 or with an order under paragraph (b) of that subsection; or

(n) fails to comply with the provisions of section 27(1),

registrasiebeampte by die verrigting van sy pligte of werksaamhede of die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie Proklamasie, dwarsboom, hinder of belemmer; of

(h) sonder magtiging daartoe enige stuk verwyder van 'n plek waar dit ingevolge 'n bepaling van hierdie Proklamasie gehou word, of 'n stuk aldus op so 'n plek gehou of 'n stuk, vorm, papier, instrument of ander ding wat gebruik word vir of nodig is in verband met die uitvoering van so 'n bepaling, vernietig, skend, onleesbaar maak of enige geskrif of merk daarop plaas of hom andersins daarmee bemoei; of

(i) sonder goeie rede (die bewyslas waarvan op hom rus) versuim om aan 'n kennisgewing kragtens artikel 8(2) aan hom verstrek, te voldoen; of

(j) in, of vir die doeleindes van, 'n aansoek ingevolge artikel 9 of 24 aan 'n registrasiebeampte gedoen of verrigtinge voor 'n landdros kragtens artikel 12 of 19, 'n valse verklaring maak wetende dat dit vals is of sonder om te glo dat dit waar is; of

(k) wanneer hy deur 'n landdros kragtens artikel 12(4)(b)(i) of kragtens artikel 19(2)(c)(ii) of deur 'n registrasiebeampte kragtens artikel 24(3) aangesê word om voor hom te verskyn, versuim om dit te doen, of, nadat hy aldus verskyn het, versuim om 'n vraag wat aan hom gestel word volledig en waar te beantwoord of om iets wat hy by hom het, voor te lê; Met dien verstande dat bedoelde persoon nie verplig is om 'n vraag te beantwoord of enigiets voor te lê wat hy nie in siviele verrigtinge voor 'n landdroshof verplig sou wees om te beantwoord of voor te lê nie; of

(l) 'n persoon wat 'n afskrif van 'n kennisgewing van beswaar bestel of poog om dit te bestel ingevolge artikel 18, dwarsboom, hinder of belemmer; of

(m) versuim om aan die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 23 of aan 'n bevel kragtens paragraaf (b) van daardie subartikel te voldoen; of

(n) versuim om aan die bepalings van artikel 27(1) te voldoen,

shall be guilty of an offence.

(2) Any person convicted of an offence in terms of subsection (1), shall be liable -

(a) in the case of an offence in terms of paragraph (a) or (b) of that subsection, to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment;

(b) in the case of any other offence, to a fine not exceeding R6 000 or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

*Rectification of errors*

30. If through accident, inadvertence or oversight anything required to be done by this Proclamation in the registration of any person, is erroneously done or omitted to be done, the chief registration officer may take or cause to be taken such steps as are necessary to rectify the error or omission.

*Sundays and public holidays*

31. Whenever under this Proclamation anything is required to be commenced with, concluded or done on a particular date, and that date happens to fall upon a Sunday or a day declared by or under any law to be a public holiday, such thing shall be commenced with, concluded or done on the date next succeeding such Sunday or public holiday, or if the last mentioned date is also a Sunday or public holiday then on the date next succeeding such Sunday or public holiday.

*Exemption from stamp duty*

32. Notwithstanding anything to the contrary contained in any law relating to stamp duty, no stamp duty shall be charged on any declaration made for the purposes of any provision of this Proclamation.

*Short title*

33. This Proclamation shall be called the Registration of Voters (Constituent Assembly) Proclamation, 1989.

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) skuldig bevind is, is strafbaar -

(a) in die geval van 'n misdryf ingevolge paragraaf (a) of (b) van daardie subartikel, met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;

(b) in die geval van 'n ander misdryf, met 'n boete van hoogstens R6 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

*Verbetering van foute*

30. Indien iets wat ingevolge hierdie Proklamasie by die registrasie van iemand gedoen moet word, per ongeluk, per abuis of deur onoplettendheid verkeerd gedoen word of nie gedoen word nie, kan die hoofregistrasiebeampte die stappe doen of laat doen wat nodig is om die fout te verbeter of die versuim te herstel.

*Sondae en openbare vakansiedae*

31. Wanneer kragtens hierdie Proklamasie enigiets op 'n bepaalde datum moet begin, voltooi of gedoen word, en daardie datum toevallig op 'n Sondag val of op 'n dag wat deur of kragtens 'n wet tot 'n openbare vakansiedag verklaar is, moet dit begin, voltooi of gedoen word op die eersvolgende dag na die Sondag of openbare vakansiedag, of as laasgenoemde dag ook 'n Sondag of openbare vakansiedag is, dan op die eersvolgende dag na daardie Sondag of openbare vakansiedag.

*Vrystelling van seëlreg*

32. Ondanks andersluidende bepalings in die een of ander wet op seëlreg, is daar op 'n verklaring wat vir die doeleindes van 'n bepaling van hierdie Proklamasie gemaak word, geen seëlreg verskuldig nie.

*Kort titel*

33. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Registrasie van Kiesers (Grondwetgewende Vergadering), 1989.

**AANHANGSEL/ANNEXURE**

Voorkant van vorm AGV.1/Front of Form AGV.1

AGV.1

SUIDWES-AFRIKA/NAMIBIË · SOUTH WEST AFRICA/NAMIBIA

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N KIESER INGEVOLGE DIE PROKLAMASIE OP DIE REGISTRASIE VAN KIESERS (GRONDWETGEWENDE VERGADERING), 1989

APPLICATION FOR REGISTRATION AS A VOTER IN TERMS OF THE REGISTRATION OF VOTERS (CONSTITUENT ASSEMBLY) PROCLAMATION, 1989

1. Familienaam (blokletters)
Surname (block letters)........................................

2. Voorname (voluit—in blokletters)
First names (in full—block letters)........................................

3. Vaste woonadres op datum van aansoek
Fixed residential address at date of application........................................

4. Besigheids- of werksadres op datum van aansoek
Business or employment address at date of application........................................

5. Identiteitsnommer
Identity number ☐☐☐☐☐☐ ☐☐ ☐☐☐☐ ☐

6. Geboortedatum (indien identiteitsnommer nie beskikbaar)
Date of birth (if identity number not available) Jaar/Year ☐ Maand/Month ☐ Dag/Day ☐

7. Geboortedatum vasgestel of bevestig deur:
Date of birth determined or confirmed by:

(a) identiteitsdokument / identity document ☐

(b) geboortesertifikaat / birth certificate ☐

(c) doopseel / baptismal certificate ☐

(d) skatting / estimate ☐

(e) ander (spesifiseer) / other (specify)........................................

8. Is u in die gebied Suidwes-Afrika gebore? Ja/Nee
Were you born in the territory of South West Africa? Yes/No..................

9. Indien nie in die gebied Suidwes-Afrika gebore nie, ononderbroke tydperk van gewone verblyf in die gebied Suidwes-Afrika op die datum van hierdie aansoek:
If not born in the territory of South West Africa, continuous period of ordinary residence in the territory of South West Africa at the date of this application:

Jare/Years ☐ Maande/Months ☐

10. In die geval van 'n persoon in artikel 3(1)(c) bedoel:
In the case of a person referred to in section 3(1)(c):

(a) Vader se naam en van
Father's name and surname ........................................

(b) Vader se plek van geboorte
Father's place of birth ........................................

(c) Moeder se naam en van
Mother's name and surname ........................................

(d) Moeder se plek van geboorte
Mother's place of birth ........................................

Ek verklaar hierby dat die bostaande besonderhede waar en juis is en dat ek nie ingevolge die Proklamasie op die Registrasie van Kiesers (Grondwetgewende Vergadering), 1989, gediskwalifiseer is om as Kieser te registreer nie.

I hereby declare that the above particulars are true and correct, and that I am not disqualified to register, as a voter in terms of the Registration of Voters (Constituent Assembly) Proclamation, 1989.

........................................

*Handtekening/linkerduimafdruk van aansoeker/afdruk van ander*
*Signature/left thumb print of applicant/imprint of other*

*vinger(s): Spesifiseer*
*finger(s): Specify* ........................................

**Agterkant van Vorm AGV. 1 / Back of form AGV. 1**

VIR GEBRUIK DEUR REGISTRASIEBEAMPTE
FOR REGISTRATION OFFICER'S USE

1. Aansoeker het die verklaring op keersy voor my bevestig en het die volgende dokumente voorgelê:
Applicant has confirmed the declaration on the reverse side before me and has produced the following documents:

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

2. AANSOEK AANVAAR: Reeksnommer van registrasiekaart uitgereik
APPLICATION ACCEPTED: Serial Number of registration card issued..............................................

3. AANSOEK GEWEIER om die volgende redes:
APPLICATION REFUSED for the following reasons:..............................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

*Datumstempel/Date stamp*

..............................................................
*Handtekening van registrasiebeampte*
*Signature of registration officer*

*Distrik waarvoor aangestel/District for which appointed*

---

VIR GEBRUIK DEUR LANDDROS IN GEVAL VAN APPÈL OF BESWAAR
FOR MAGISTRATE'S USE IN CASE OF APPEAL OR OBJECTION

1. (a) Appèl deur applikant teen weiering van registrasie: GEHANDHAAF/VERWERP om die volgende redes:
Appeal by applicant against refusal of registration: ALLOWED/DISMISSED for the following reasons:

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

(b) Indien appèl gehandhaaf is, reeksnommer van registrasiekaart uitgereik
If appeal is allowed, serial number of registration card issued..................................................

2. Beswaar deur houer van registrasiekaart
Objection by.........................................................................., holder of registration card
No. teen aansoeker se registrasie,
No.........................................................................., against applicant's registration,

GEHANDHAAF/VERWERP/ *SINE DIE* UITGESTEL om die volgende redes:
ALLOWED/DISMISSED/POSTPONED *SINE DIE* for the following reasons:.......................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

*Datumstempel/Date stamp*

..............................................................
*Handtekening van landdros*
*Signature of magistrate*

*Distrik/District*

**VORM AGV. 2 / Form AGV. 2**

**REGISTRASIEKAART: KIESER - REGISTRATION CARD: VOTER** **AGV 2**

Distrik
District .............................................. REEKS No./SERIAL No.

Familienaam (blokletters)
Surname (block letters)........................................................................................................

Voorname (blokletters)
First names (block letters)........................................................................................................

Vaste woonadres
Fixed residential address........................................................................................................

Identiteitsnommer
Identity Number

Geboortedatum (indien ID nie beskikbaar) Jaar / Year ____ Maand / Month ____ Dag / Day ____
Date of birth (if ID not available)

Handtekening of afdruk van linkerduim [of ander vinger(s): spesifiseer]
Signature or imprint of left thumb [or other finger(s): specify]

..........................................................................

| By registrasie / At registration | Op stemdag / On polling day |
|---|---|
| | |

..........................................................
*Handtekening van Registrasiebeampte*
*Signature of Registration Officer*

No. van stembus
No. of ballot box ..............

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.

Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.

Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika